



KERSKAMP VAN STADENS

3 - 5 November

Die naweek van 3-5 November was dit weer tyd vir ons jaarlikse kerskamp.

Van die lede is reeds Donderdag na Van stadens, aangesien dit ook 'n senior burger kamp was. Die res van die lede het so deur die loop van die dag Vrydag aangesluit.

Die wind het ook natuurlik sy opwagting gemaak terwyl die SAWA tent opgeslaan word.

Ek en Stefani Lambrechts het Vrydagaand boekevat gedoen; waarna daar heerlik gekuier en gebraai is.

Christmas

Saterdagoggend het van die lede reeds vroeg vertrek na die Boardwalk in Port Elizabeth om aan die jaarlikse Big Walk for Cancer deel te neem. Dit was soos altyd 'n groot sukses met meer as 11 000 deelnemers.

Die ander lede was rustig by die kamp en het elkeen hul eie ding gedoen. Esmerelda Bradley het van die kindertjies se gesiggies gevef, waarna Ilani Lambrechts die hele kamp genooi het om hul gesigte te kom veff. Die gesig verwey het toe nie net by die kinders gebly nie en daar was 'n hele paar volwasse "super heroes".

Om half drie het die kinders met hul kussings en komberse by die SAWA tent bymekaar gekom. Hul ingangsfooi was 'n blikkie/sak honde/kat kos. Daar is 'n kersfliek, The Polar Express, vertoon. Daar was ook lekkergoedpakkies, springmielies, skyfies, koeldrank en pragtige, versierde kersklappers aan die kinders uitgedeel. Oud en jonk het dit somer baie geniet.

Om vyf uur was dit boekevat wat behartig is deur Doré & Eben Weitz en Tiaart Fourie.

Die senior burgers se geskenke is uitgedeel. Baie dankie aan Charlotte Bekker vir die skenk van die koekies.

Daarna het kersvader sy opwagting gemaak terwyl sy takbokke op 'n aangrensende plaas gewei het. Daar is geskenke uitgedeel en fotos geneem en ieder en elk het dit somer baie geniet. Kersvader het nog 'n rukkie vertoef en met Josh Bradley "gebond" deur saam met hom op die gras rond te rol.

Baie dankie aan ons gas, Tinus Bower, wat kersvader was. Jy het jou uitstekend van jou taak gekwyd. Daar is weer lekker gebraaie en gekuier.

Sondagoggend was dit om nege uur die Kersdiens. Almal was versoek om rooi aan te trek vir die kersfees gees. Die diens is behartig deur Ischke Lambrechts & Beneta Weitz. Elize Engelbrecht het ons sang begelei met die viool.





Oom Tjaart het vir ons kom kuier en het die plaatjies uitgedeel. Dit was soos volg toegeken:

Theo & Elize Engelbrecht: 10 streek

Richard & Poppie Heyman: 330 streek


Jan & Tanyia Hugo: 110 streek

Baie geluk aan hulle. Ek wil net graag baie dankie sê aan almal wat donasies gegee het vir die kerskamp (julle weet wie julle is) en die SPCA. Baie dankie aan al die kinders wat bereid was om te help met boekevat. Dit vat baie "guts" om voor 'n klomp mense te praat. Baie dankie aan Elize wat ons begelei het met die viool en aan tannie Poppie wat die tent vir ons uitgesleep het. Baie dankie ook aan almal wat die tent help op- en afslaan het. Baie dankie aan Johan en Sandra Fourie vir die klank en skerm vir die projektor.

Dankie aan Frans Labuschagne vir die leen van die projektor en ook aan Steve Lambrechts vir al die toerusting wat hy vervoer het. Die bus het amper uit sy nate gebars. Laastens, vir my kampkommandante, De Wet & Yolandi Fourie en Craig & Esmerelda Bradley, baie dankie vir al jul hulp.

Die vrugtekoek lootjie is getrek en Inke Kaltenbrunn was die gelukkige wenner. Baie dankie aan Stienie Grobler vir die bak en skenk van die vrugtekoek. Na die kerkdiens is daar koffie/tee gedrink en 'n ietsie geëet.

Dit was 'n pragtige dag en van die lede het nog die see/lagoon geniet en ander het maar opgepak om huiswaarts te keer.



**Inke
Kaltenbrunn
het die
Kerskoek
gewen.**

Liana Labuschagne het die honde/kat kos en die kontantdonasies by die SPCA gaan afgee. Dit maak mens se hart sommer bly om te weet dat mens op daai manier ook 'n verskil in 'n dier se lewe kan maak.

Veilig sleep tot volgende keer.

- Ischke Lambrechts